Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 17 APRIL 2019 OM 10:15

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdh R F van der Westhuizen
Rdd M van Zyl

Ander raadslede:
Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Wnd Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr A M Zaayman
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter open die vergadering.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 20 MAART 2019

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Maart 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende toevoeging

ITEM 7.25: WYSIGING VAN DIE RAAMWERK VIR DIE IMPLEMENTERING VAN PRESTASIEBESTUUR (2/4/2)

4.1/...

BESLUIT

(b) Dat die dienskontrakte ten aansien van die Munisipale Bestuurder, die Direkteur: Finansiële Dienste en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste by wyse van ‘n addendum dienooreenkomstig aangepas word.

4.2 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 10 APRIL 2019

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 10 APRIL 2019

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 DIENSLEWERINGSOOREENKOMS MET DIE WESKUS DISTRIKS-MUNISIPALITEIT (WKDM) INSAKE BESTAANDE BRANDWEERDIENSTE-MODEL, GEPAARDGAANDE VERHOGING DEUR WKDM VAN BRANDWEERTARIEWE M.I.V. 1 JULIE 2019 (17/5/1/1)

Die funksies met betrekking tot die lewering van brandweerdienste deur ‘n B-munisipaliteit en ‘n C-munisipaliteit onderskeidelik word bepaal deur wetgewing. In 2009 het die Swartland Munisipaliteit en die Weskus Distriksmunisipaliteit egter ‘n diensleweringsooreenkoms aangegaan om ‘n effektiewe brandweerfunksie vir inwoners in die Swartland te lewer.

Die diensleweringsooreenkoms het, onder andere, bepaal dat wanneer een owerheid die ander bystaan met ‘n brand of verwante funksie, daar geen koste verhaal sal word vanaf die owerheid wat bygestaan word nie.

Die aanduiding is egter dat die Weskus Distriksmunisipaliteit van voorneme is om die diensleweringsooreenkoms op 30 Junie 2019 te beëindig en buitensporige brandweertariewe, soos geadverteer met die konsep begroting, te implementeer.

Besluit/...

7.1/...

BESLUIT

(a) Dat daar met kommer kennis geneem word van die voorneme van Weskus Distriksmunisipaliteit om die bestaande diensleweringsooreenkoms vir brandweerdienste te beeindig op 30 Junie 2019;

(b) Dat die Weskus Distriksmunisipaliteit versoek word om die bestaande diensleweringsooreenkoms wat reeds sedert 2009 van toepassing is te verleng totdat die brandweerfunksie in totaliteit na die distriksmunisipaliteit oorgedra word, na verwagting m.i.v. 1 Julie 2020;

(c) Dat kennis geneem word van die voorneme van die Weskus Distriksmunisipaliteit om verhoogde brandweertariewe, soos geadverteer in die pers, in werking te stel m.i.v. 1 Julie 2019;

(d) Dat die Munisipale Bestuurder (of sy gevolmagtigde) formeel beswaar aanteken by die Weskus Disktriksmunisipaliteit teen die buitensporige styging van die brandweertariewe, insluitend die voorgenome toepassing daarvan vanaf 1 Julie 2019;

(e) Dat die konsep brandbestrydingstariewe van Swartland Munisipaliteit, aangeheg as Aanhangsel C, aanbeveel word vir doeleindes om openbare insette en kommentaar te versoek. Dat die konsep brandbestrydingstariewe op die Munisipaliteit se webblad en by munisipale kantore geadverteer word vir ‘n tydperk tot 17 Mei 2019 om 12:00 om toe te laat om in die finale begroting op 30 Mei 2019 in ag geneem te word;

(f) Dat voormelde na die raadsvergadering van 25 April 2019 verwys word vir besluitneming.

7.2 HALFJAARLIKSE VERSLAG VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE VIR DIE PERIODE EINDIGEND 31 DESEMBER 2018 (5/15/1/3)

Die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee vervul sy funksies as ’n onafhanklike adviesliggaam van die Raad ingevolge artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003.

Die aangehegte halfjaarlikse verslag vir die periode 1 Julie 2018 tot 31 Desember 2018 bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir verdere oorweging nie en word –

BESLUIT dat kennis geneem word van die halfjaarlikse verslag van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee vir die periode geëindig 31 Desember 2018.

7.3 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JANUARIE 2019 TOT 31 MAART 2019 (8/1/B/2)

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management*-Regulasies bepaal dat daar op ‘n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

Die voorsitter noem dat die voorkeurverkrygingsbeleid nie tot voordeel van plaaslike kontrakteurs is nie, en dat daar binne die wetgewende raamwerk na wyses gekyk moet word om plaaslike kontrakteurs te akkommodeer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid se implementering vir die periode 1 Januarie 2019 tot 31 Maart 2019, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

7.3/...

(b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevolglik aanleiding gegee het tot 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid (Bylae D);

(c) Dat kennis geneem word van die pogings wat tot dusver aangewend is, d.m.v. wysigings aan die Voorsieningskanaalbestuursbeleid, om die verantwoordelikheid van Bestuur in terme van die oorsigrol met goedkeuring van afwykings op te skerp.

7.4. HERSTRUKTURERING: KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISME-VERENIGING (9/1/3/B)

Plaaslike toerisme is 'n bevoegdheid verleen aan plaaslike owerhede ingevolge Bylae 4, Deel B van die Grondwet, 1996.

Daar is verskeie ander wetgewende bepalings, behalwe vir die grondwetlike mandaat, om te verseker dat plaaslike toerisme deur munisipaliteite bevorder, ontwikkel en administreer word.

Een van die strategiese doelwitte van Swartland Munisipaliteit is inklusiewe ekonomiese groei en kan toerisme 'n groot rol speel om ekonomiese ontwikkeling te bevorder. Dit is daarom belangrik om te voldoen aan die versoek van die Kaapse Weskus/Swartland Toerismevereniging om die toerismemodel te hersien.

BESLUIT

(a) Dat die voorgestelde toerismemodel soos toegelig in die verslag as basis van vertrek goedgekeur word vir die daarstel van 'n nuwe toerismemodel vir die Swartland, wat aansluit by die strategiese doelwitte in die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan;

(b) Dat 'n diensverskaffer (fasiliteerder) aangestel word om met die toerismesektor en ander potensiële vennote te konsulteer om 'n geskikte model te finaliseer;

(c) Dat daar by die Raad aanbeveel word dat die Diensvlakooreenkoms tussen die Munisipaliteit en die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme-organisasie vir 'n jaar verleng word vanaf 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020, hangende bogemelde ondersoek.

7.5 NAKOMING VAN VERKOOPSVOORWAARDES: ERF 5520, GEDEELTE VAN ERF 1133, MOORREESBURG (12/2/5/5-9/2)

'n Tender is in 2015 toegeken aan Boland Diesel (Pty) Ltd vir die ontwikkeling van 'n truck stop/petrolstasie in Piketbergweg, Moorreesburg, onderhewig aan sekere verkoopsvoorwaardes.

Die voorwaarde t.o.v. die ontwikkeling van die erf binne twee jaar na oordrag (dit is teen 3 Mei 2019) vir nie minder nie as R1 miljoen het nie gerealiseer nie.

Daar is onlangs vergader met 'n afvaardiging van AfricOil (die eienaar van Boland Diesel (Pty) Ltd) en is eg. steeds begerig om voort te gaan met die ontwikkeling van Erf 5520, Moorreesburg.

BESLUIT

Dat 'n twaalf maande verlenging vanaf 3 Mei 2019 tot Mei 2020 aan *AfricOil* (as eienaar van Boland Diesel) toegestaan word om te voldoen aan die voorwaardes van die koopooreenkoms, gebaseer op die inhoud van hul skrywe, naamlik dat

(a) teen nie later nie as 3 Mei 2020, verbeterings aangebring sal word op Erf 5520 waarvan die waarde nie minder beloop as R1 miljoen nie, en met dien

7.5/(a)...

verstande dat daar nie wesenlike afwykings mag wees van die oorspronklike ontwikkelingsvoorstel ooreenkomstig die tender nie;

(b) teen nie later nie as 3 Oktober 2019, alle ontwikkelingsontwerpe en –planne vir die eiendom aan die Munisipaliteit voorgelê sal word vir goedkeuring;

(c) teen nie later nie as 3 Oktober 2019, die status van alle lisensies en bedryfsverwante aangeleenthede aan die Munisipaliteit gekommunikeer sal word; en dat

(d) *AfricOil* ingevolge die ooreenkoms steeds aanspreeklik sal wees vir die verhoogde belastings wat hefbaar is na 3 Mei 2019.

7.6 TENDER L05/18/19: VERHURING VAN ERF 11228, MALMESBURY (12/2/4-8/4)

Erf 11228 (voorheen bekend as kampe 5, 6 en 7), Malmesbury word tans ingevolge 'n huurooreenkoms as landbougrond verhuur. Hierdie ooreenkoms, wat op 1 Maart 2016 'n aanvang geneem het, het verstryk op 28 Februarie 2019.

Erf 11228 is weer per tender beskikbaar gestel vir verhuring vanaf 1 Mei 2019, vir 'n termyn wat nie drie jaar oorskry nie.

Twee aanbiedinge is ontvang, naamlik:

- Walters Groep, De Gunst, Malmesbury R86 000,00 plus BTW
- Walters Broers, Bakenfontein, Malmesbury R50 000,00 plus BTW

BESLUIT

(a) Dat Tender L05.18.19 vir die huur van erf 11228, gedeelte van erf 327, Malmesbury (groot 139,7603 hektaar) met ingang vanaf 1 Mei 2019 vir 'n periode van drie jaar tot 30 April 2022 aan die Walters Groep toegeken word, ten bedrae van R86 000,00 per jaar, plus BTW, onderhewig aan 'n jaarlikse eskalasie van 7%;

(b) Dat goedkeuring verleen word dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste die huurooreenkoms, met betrekking waartoe die verhuurder reeds as deel van sy tendervoorlegging die terme en voorwaardes aanvaar het, mag onderteken namens die Munisipaliteit.

7.7 VOORGESTELDE HUUR VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 483, MALMESBURY VIR PARKEERDOELEINDES: SA POSKANTOOR (12/1/3-8/7)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het in April 2016 goedkeuring verleen vir die huur van 11 parkeerruimtes by die SA Poskantoor, Malmesbury vir munisipale personeel wat in die Pep Stores-gebou geakkommodeer word. Die huurtermyn is vir 'n periode van drie jaar m.i.v. 1 Augustus 2016.

Die SA Poskantoor het 'n hernuwingsaanbod aan die Munisipaliteit voorgehou vir aanvaarding teen die laatste op 30 April 2019.

Die behoefte om die parkeerruimtes in te huur is steeds onveranderd, en word dus van bestuursvlak aanbeveel dat die ooreenkoms hernieu word vir 'n verdere termyn van twee jaar en 11 maande om aan die bepalings van artikel 33 van die MFMA te voldoen.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die elf parkeerruimtes geleë op 'n gedeelte van erf 483, Malmesbury van die SA Poskantoor gehuur word vir 'n verdere periode van twee jaar en elf maandemet ingang vanaf 1 Augustus 2019 en wel ten bedrae van R2 539,73 per maand, BTW uitgesluit vir Jaar 1 (2019/20), onderhewig aan 'n jaarlikse eskalasie van 7%;

(b) Dat gemelde huurgeld en eenmalige aansuiwering van die deposito teen posnommer 9/220-785-2183 in die multi-jaar bedryfsbegroting verreken word;

(c)/...

7.7/...

(c) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om die ooreenkoms (of addendum tot bestaande ooreenkoms) met die SA Poskantoor namens die Munisipaliteit te mag onderteken.

7.8 UITSTAANDE DEBITEURE: MAART 2019 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Maart 2019.

7.9 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Maart 2019 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.10 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDER HERSTELWERK AAN DIE DOMPELPOMP BY DIE MALMESBURY RIOOLSUIWERINGSWERKE (8/1/B/2)

Die werking van dompelpompe (*submersible pumps*) in die suiweringsproses by die Malmesbury WWTW word in detail deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste in die verslag tot die sakelys verduidelik.

Die dringende herstel van die dompelpomp was dus noodsaaklik om grootskaalse storting van rou riool te voorkom.

BESLUIT

(a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om toestemming te verleen vir die herstel van die dompelpomp by die inlaatwerke van die Malmesbury WWTW deur G W Trautman teen 'n bedrag van R30 573.90 (BTW ingesluit);

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
   (i) die dompelpomp sou vir 'n lang tydperk buite diens wees indien die voorgeskrewe prosesse gevolg is;
   (ii) die vertraging sou lei tot 'n ineenstorting van die suiweringsproses, riooloorstromings en 'n onderbreking in die riooldiens;
   (iii) die herstelwerk is dus as 'n noodgeval hanteer;

(c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R30 573.90 (BTW ingesluit) verreken word teen mSCOA pos: 9/239-849-424;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN DIE CATERPILLAR 928H LAAIGRAAF, CK 43236 (8/1/B/2)

Die laaigraaf, CK 43236, word gebruik in die strate- en stormwaterafdeling vir konstruksie- en onderhoudswerk in Malmesbury en omliggende dorpe. Die masjien is tans buite werking weens 'n meganiese fout.

Barloworld, as oorspronklike toerusting verskaffer en dienste-agent vir Caterpillar-toerusting in Suid-Afrika, is genader om 'n kwotasie te voorsien vir herstelwerk aan die

7.11/...

masjien. Barloworld het bevestig dat die verwagting is dat die masjien 18 000 diensure kan bereik, en staan tans op slegs 4 182 diensure wat die herstelwerk motiveer.

BESLUIT

(a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word vir die aanstelling van Barloworld Equipment vir die herstelwerk aan die remme van die agterste ewenaar van die Caterpillar 928H-laaigraaf, CK 43236;

(b) Dat die rede vir die afwyking is dat dit as onprakties beskou word om die voorgeskrewe verkrygingsproses te volg weens die omvang van die werk wat Barloworld op die masjien gedoen het om die verslag en kwotasie voor te berei, en omrede Barloworld die gemagtide agent in Suid-Afrika is;

(c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R234 610.02 (BTW ingesluit) verreken word teen mSCOA pos: 9/1-14-5;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.12 VERHUUR VAN KANTOORAKKOMMODASIE TE THUSONGSENTRUM (12/1/3/1-11/1)

Die Raad verhuur ‘n gedeelte (groot 110 m²) van die Thusongsentrum te Ilinge Lethu, Malmesbury aan *South African Social Security Agency* (SASSA) vir dienslewering aan die betrokke gemeenskap.

Die huurooreenkoms verstryk op 1 Julie 2019 en het SASSA versoek om die kantoorspasie vir ‘n verdere termyn van drie jaar te huur.

BESLUIT

(a) Dat 'n gedeelte van die Thusongsentrum, Malmesbury (groot 110 m²) uit-die-hand verhuur word aan SASSA vir 'n verdere termyn van drie jaar met ingang van 1 Augustus 2019 vir dienslewering aan die betrokke gemeenskap;

(b) Dat die tarief van R7 018.50 per maand plus BTW, met 'n jaarlikse eskalasie van 6%, goedgekeur word;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes van krag sal bly.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER